Nuusbrief nr 2: Werkgroep vir die Brugbediening (NGK) – Maart 2018

By die vergadering van die Werkgroep op 27 Februarie 2018 is gevoel dat **gereelde nuusbriewe** sinvol is ten einde allerlei inligting in sake brugbediening deur te gee en ook te ontvang.

Die Werkgroep-vergadering het aandag gegee aan die **hersiening van die Riglyne vir die Brugbediening,** van die Algemene Sinode. Voorstelle hieroor sal verdere intensiewe aandag moet kry.

Dit is ook 'n groot saak dat besluit is om die skryf van 'n **handleiding** vir die brugbediening in die NG Kerk aan te pak onder leiding van Anton Doyer. Die doel van die handleiding is, volgens Anton, om aan gemeentes, kerklike leierskap, rolspelers en belangstellendes 'n bondige dog duidelike oorsig te gee oor die aard, dinamiek en waarde van die brugbediening.

Die kerk raak meer bewus van die belangrikheid om deeglik aandag te gee aan die **oorgangsprosesse** wanneer 'n predikant vertrek. Hierdie oorgangstyd is 'n tyd van onsekerheid maar ook van moontlike vernuwing en groei. 'n Gemeente het daarmee 'n kans tot herbesinning en nuwe dinamika. Dis só dat God Self sy gemeentes deur sy Woord en Gees bou en laat groei. Dit is dan ook die bedoeling van die brugbediening dat saam gesoek word na die wil van die Here vir die gemeente se toekoms.